

## MEGABOER GEBRUIK STAATSKAPING OM DROOGTE TE FNUIK

### DEUR

### DR PHILIP THEUNISSEN


---

Waar daar normaalweg net 28 dae in die jaar is waarop daar maar 165 mm se reën in temperature van 35 grade bymekaar gemaak kan word, verwag die besoeker aan die suidste punt van Kalifornië se San Joaquinvallei 'n rolbos wat lui in die warm lugspieëls oor die stowwerige klippe drentel, 'n bruin warrel wat met uitgestrekte arms na 'n wit son in die blou lug gryp of 'n starende kaktus wat op die horison vir 'n wolk soek wat die hitte kan kom uitmaskeer. Groot is die verbasing dus as jy rye en rye pistachiobome, blokke en blokke amandelbome en lanings en lanings sitrusbome hier teëkom. Dít is die mensgemaakte plase van die 82-jarige Stewart Resnick, die grootste boer in die wêreld, in een van die droogste landbou-areas denkbaar. Dié boerdery-opset van \$3 miljard maak by verre die grootste gedeelte van sy \$4.3 miljard se bates uit en ten spyte van 'n vyfjaardroogte het sy boerdery se waarde bly styg. Dit is omdat hy 'n oorvloed water het wat hy op ongenaakbare oppertunistiese wyse bekom het. 'n Luuksheid wat nie al die ander plase in dieselfde vallei beskore is nie.



Resnick, wat in 'n herehuis in Beverly Hills bly en net een of twee keer per maand sy boerdery in Kern County kom besoek, het nie altyd geboer nie. Hy het sy eerste plaas in dié vallei in 1978 as 'n skans teen inflasie gekoop. Met die verloop van 20 jaar het hy nog baie plase bygekoop, veral tydens droogtes, totdat hy met sy jaarlikse omset van \$5 miljard die wêreld se grootste pistachio en amandel produsent en verpaker geword het. Maar 52 000 ha se

produserende bome drink baie water, inderdaad 450 miljoen kubieke meter daarvan, bykans 10% die Gariëpdam se totale kapasiteit. Resnick se boerdery gebruik net soveel water soos San Francisco én Los Angeles se huishoudings gesamentlik, soos in die grafiek aangedui. Sy granaatbome, wat die kleinste vertakking van die boerdery is, gebruik alleen bykans net soveel water soos San Francisco in totaal.



In 'n staat wat gereeld onder droogtes gebuk gaan, word die vraag dus gereeld gevra hoe Resnick so 'n groot en dorstige boerdery opgebou kon kry? Die antwoord is volgens verskeie verslae en dokumentêre films voor die hand liggend: hy het omvangryke gunste van Kalifornië se politici gekry wat belastingbetalers se bates gretig aan hom gebied het.


### Staatswaterprojek

Net 350 km Noord-Wes van Kern County reën dit aansienlik meer as in die San Joaquinvallei. Hier is die gemiddelde jaarlikse reënval 703 mm en saam met die smeltende sneeu in die berge versamel daar 'n oorfloed water in die Sacramento-San Joaquin delta. In 1968 word die Staatswaterprojek van Kalifornië se Departement Waterbronne dus teen \$1.75 miljard voltooi. Dit is een van die grootste staatswater- en kragopwekkingsprojekte ter wêreld en voorsien drinkwater aan 30 miljoen mense terwyl dit 6 500 GWh se krag opwek. Hierdie projek pomp water uit verskeie groot damme in die delta bo-oor die 878 m hoë Tehachapi-berge waarna dit dan water aan boere in die San Joaquinvallei en aan die inwoners van San Francisco en Los Angeles beskikbaar stel. Dié stelsel bestaan uit 29 damme, 18 pompstasies, 970 km se kanale, pyplyne en tunnels en dit lewer jaarliks 2 960 miljoen kubieke meter se



water (soveel soos die Vaaldam se kapasiteit) vanaf die waterryke Noord-Kalifornië aan die droë Suid-Kalifornië.

In die 1980's besluit die Kaliforniese regering om die ondergrondse opbergfasiliteite in Kern County as 'n verlengstuk van die Staatswaterprojek te ontwikkel. Die Kern waterbank sou opgemaak word uit verskeie hervulareas wat bo-op die natuurlike ondergrondse reservoir opgerig sou word. Hierdie akwifer het 'n kapasiteit van 1 233 miljoen kubieke meter, so groot soos die Bloemhofdam. In nat jare kan oortollige water in die Staatswaterprojek dus hier opgegaan word om in droë jare vir landbou én ook Los Angeles gebruik te kan word en gevolglik het die Kaliforniese regering \$100 miljoen spandeer om die projek te ontwikkel en om dit met kanale aan die Staatswaterprojek te verbind.



In 1994, kort na voltooiing en sonder enige publieke konsultasie, gee die Kaliforniese regering die waterbank kosteloos aan die *Kern County Water Agency* wat dit op sy beurt weer onmiddelik aan die *Kern Water Bank Authority* oorhandig. Die rede vir hierdie ongewone stap van die Kaliforniese regering was klaarblyklik om hofsake te vermy omdat hy, as gevolg van 'n langdurige droogte, meer water vir huishoudings uit die waterbank moes onttrek en hy nie die hoeveelheid water aan boere in Kern County kon verskaf wat hy belowe het nie. Die werklikheid is egter dat, oor die projek se eerste 20 jaar, dit in elk geval gemiddeld net die helfte van die kapasiteit se water beskikbaar kon stel omdat voortdurende droogtes dit altyd onmoontlik gemaak het om die waterbank tot op volle kapasiteit te vul.

Die betrokke partye tot die geding het agter geslote deure vergader en wat daar gesê is, is nooit geopenbaar nie maar in wese het die sogenaamde Monterey amendemente aan 'n klein groepie korporatiewe boere, waarvan Resnick die meerderheidsaandeelhouer was, beheer oor staatsgesubsidieerde water gegee met die einste staat as hulle grootste kliënt. Dit het beteken dat Resnick nie net gesubsidieerde water uit die Staatswaterskema bly pomp het om sy 52 000 ha se vrugtebome mee nat te lei nie, hy het ook met water as 'n produk begin boer. Die plase wat hy so 'n baie tyd lank as verskansing teen inflasie aangekoop het, het ook toevallig dekades-oue waterkontrakte met die staat van Kalifornië én die Federale regering van die VSA bevat wat hom toelaat om water goedkoop uit die Staatswaterskema te koop, dit in die staatsontwikkelde waterbank te stoor en dit dan ten tye van droogte teen 'n premie aan die staat terug te verkoop. Waar verskeie Kaliforniese boere stelselmatig uitgevoer het tydens die ernstige droogtes van

die negentigs, het Resnick sy boerdery uitgebrei en sy produksie, in net drie jaar ná die Monterey amendemente aanvaar is, bykans verdubbel.

### **Papierwater**

Die hele Staatswaterprojek is aanvanklik ontwerp om jaarliks 5 180 miljoen kubieke meter water te lewer en is hierdie hoeveelheid oorspronklik ook as waterregte uitgekontraakteer. As gevolg van droogtes lewer dit gemiddeld egter minder as die helfte daarvan, naamlik 2 467 miljoen kubieke meter water. Teoreties bestaan daar dus 2 713 miljoen kubieke meter se onbenutbare waterregte waarvoor daar nie water beskikbaar is nie. Wateragentskappe kan wel hierdie waterregte, ook bekend as papierwater, koop en verkoop omdat die Monterey amendemente 'n regsraamwerk geskep het wat die bestaan van die totale teoretiese kapasiteit van die Staatswaterprojek erken. In wese is hierdie kapasiteit aan die *Kern Water Bank Authority* verkoop met die ologikaö dat die onbenutbare gedeelte van die teoretiese kapasiteit ook in die Kern waterbank opgegaan word en dus aan die eienaar van die waterbank behoort.

Resnick was nogmaals toevallig op die regte tyd op die regte plek met sy papierwater want die bloeytyd van Amerika se subprima huiskema van 2007 was op hande. Daar word van Kaliforniese eiendomsontwikkelaars verwag om bewys te kan lewer dat hulle voldoende water beskikbaar gaan hê alvorens hulle 'n nuwe ontwikkeling aanpak. Met 'n algehele gebrek aan natuurlike water kon hulle lae kostebehuising op groot skaal gedurende hierdie tydperk aanpak deur slegs papierwater as bron vir die watervereistes voor te lê. Sodoende kon hulle die owerhede se goedkeuring vir projekte bekom sonder om 'n druppel werklike water vooraf te waarborg terwyl die kontraktuele onus uiteindelik op die staat was om die water te voorsien op grond van die onbenutbare kapasiteit van die Staatswaterprojek.

Die Monterey amendemente het dus hierdie vreemde, ongereguleerde instrument tot stand laat kom wat in wese 'n blote fantasie was. Resnick het nie omgee nie. Dit het nogmaals 'n geleentheid op 'n geleë tyd vir hom geskep om ook op die termynmark met water te kon spekuleer. Dit is welbekend dat die VSA se ekonomie later in duie gestort het weens die gevolge van die subprima-krisis.

### **Staatskaping**

Resnick ontken enige wanpraktyke rondom sy waterpraktyke. Hy meen hy is binne sy wetlike en morele regte en reken hy het maar net op 'n baie geleë tyd in boerdery begin belê. Sy goeie tydsberekening word tog deur strategiese donasies ondersteun. Sedert 1993 het hy en sy maatskappye al \$3.97 miljoen aan politieke kandidate en beleidskomitees se verkiesingsveldtogte geskenk. Die Resnicks se woning in Beverley Hills word as 'n öKlein Versaillesö beskryf waar daar baie gereeld partytjies vir bekende persone, liefdadigheidsorganisasies en politici gehou word soos die goeweneurs van Kalifornië, senatore en selfs presidensiële kandidate. Dit was veral die oud-akteur en oud-goeweneur, Arnold Schwarzenegger, wat ruim by Resnick se donasies gebaat het. Dié het op 'n stadium in die openbaar na die Resnicks as sy "dearest, dearest friends" verwys.

Resnick se donasies is nie partygebonde nie en word deurgans gedoen op grond van die begunstigdes se invloed op beleidsbesluite wat die winsgewendheid van sy boerderybelange kan bevorder. Gevolglik het hy ook tussen 1999 en 2004 skenkings van \$1.125 miljoen aan die Amerikaanse Joodse Raad gemaak. Gedurende dié tydperk het dié raad hulle vir volskaalse

internasionale sanksies teen Iran beywer. Op daardie stadium was Iran die grootste produsent van pistachios in die wêreld en dus in direkte kompetisie met Resnick.

Verskeie drukgroepe beweer dat Resnick sy bodemlose waterbank op onregmatige wyse bekom het. Die *Kern Water Bank Authority* en ook *Westside Mutual Water*, 'n filiaal wat Resnick se water bestuur, is al drie keer sedert 2010 gedagvaar. Hierdie gedinge, waarvan een buite die hof geskik is, een vir sy omgewingsimpak hersien word en een op appél is, beweer dat Resnick geen alleeneienaarskap op Kern County se waterbank het nie. Hierdie groepe is ook van mening dat dit nie 'n geïsoleerde geval was waar iemand 'n onvoorsiene skuiwergat in die wet raakgesien en benut het nie. Dit was volgens hulle 'n doelbewuste bekookte transaksie tussen Resnick en politici wat 'n staatsbate van Kalifornië se belastingbetalers gedereguleer en geprivatiseer het om een enkele individu daardeur te verryk. Dié transaksie het die koste van die projek op belastingbetalers geplaas terwyl die wins van die waterverkope Resnick toeval. In gevolge 'n tipiese staatskapingsmodel is die verliese dus genasionaliseer terwyl die winste geprivatiseer is en dit is volgens talle drukgroepe teenstrydig met Kalifornië se grondwet.

---

**Bethlehem**  
**Desember 2018**

**BRONNE:**

Durden, T. *How Beverly Hills Billionaires Built A Water Empire In California With Taxpayer Money*. Zero Hedge, 22 August 2016.

Levine, Y. *A journey through Oligarch Valley*. 8 September 2015

Publix Citizen. *Water Heist: How Corporations Are Cashing In On California's Water*. California Office, December 2003.

Sorvino, C. *America's Nuttiest Billionaire Couple: Amid Drought, Stewart And Lynda Resnick Are Richer Than Ever*. FORBES STAFF, 23 November 2015.

Taughner, M. *Pumping water and cash from Delta*. 23 May 2009.

Williams, L. *Corporate Farmer Calls Upon Political Allies to Influence Delta Dispute*. 7 December 2009.

Wikipedia. *Water in California*.

**KASSIE:**

Die virtuele waterinhoud van 'n produk is die hoeveelheid water wat dit in totaal neem om 'n produk te vervaardig. Om byvoorbeeld 200 kg beenlose beesvleis te produseer beteken dat die kalf drie jaar lank moet groei voordat dit geslag word. In hierdie drie jaar vreet dit 1 300 kg se graan, 7 200 kg se ruvoer en drink dit 24 kubieke meter water. Die graan en ruvoer benodig ook water om geproduseer te kan word. As die som gemaak word, word 15 340 liter water benodig om een kilogram vleis te produseer. Die tabel bevat vervolgens die hoeveelheid virtuele water wat vir 'n paar alledaagse produkte benodig word.

	<b>Produk</b>		<b>Liters virtuele waterinhoud</b>
1	Glas bier	250 ml	75
1	Glas melk	200 ml	200
1	Koppie koffie	125 ml	140
1	Koppie tee	250 ml	35
1	Sny brood	30 g	40
1	Aartappel	100 g	25
1	Appel	100 g	70
1	Katoen T-hemp	250 g	2000
1	Vel A4 papier	80 g/m <sup>2</sup>	10
1	Glas wyn	125 ml	120
1	Lemoensap	200 ml	170
1	Pakkie aartappelskyfies	200 g	185
1	Eier	40 g	135
1	Hamburger	150 g	2400
1	Tamatie	70 g	13
1	Lemoen	100 g	50
1	Paar leerskoene	Bees	8000

*Bron: Hoekstra, AY & Chapagain, AK. Water footprints of nations: Water use by people as a function of their consumption pattern. Water Resource Management, 2006.*